Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys

Posbus 13383 HATFIELD 0028 – T: 012-362 0660 E: toibo@imaginet.co.za W: www.toibo.org.za
Duxburyweg 174 (ingang 186) Hillcrest Pretoria NPO 001-597 PBO 1230001311

Nuus
April 2019

Prestasie

Prinshofskool is aangewys as die beste skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes in die Distrik Tshwane-Wes.

Die hoof, mev Karin Swart, met hul toekenning.

Fondsinsamelingsprojek

Loslitdag 6 September 2019

Skitter saam met ons!

KLEIN HELD WORD POSTUUM VEREER

Thapelo Tambani was ’n 9-jarige dowe graad 4-leerder aan die Transoranje-skool vir Dowes in Pretoria-Wes. Op 28 Februarie 2018 het Thapelo soos gewoonlik ná skool saam met sy maats gespeel. Hy was woonagtig in Soshanguve, noord van Pretoria.

Hulle het op ’n sandhoop gespeel naby ’n konstruksieterrein toe een van sy maats gegly en in ’n watergevulde sloot beland het. Thapelo het nie gehuiwer nie en sy maat, wat in die modder vasgesit het, gehelp. In die proses het hy egter self in die sloot ingegly en verdrink.

Thapelo se heldedaad dien vir ons almal as voorbeeld.

TOIBO het Thapelo genomineer vir die Orde van Mendi vir Dapperheid vir sy onselfsugtige daad waarin hy sy lewe verloor maar dié van sy maat gered het.

Op 3 April 2019 het die Presidensie bekendgemaak dat genoemde Orde in Silwer op 25 April 2019 postuum aan hom toegeken gaan word.

Gidshond vang saam LLB-graad

Jeanne-Mari Viviers, oudleerder van Prinshofskool, het op 19 Maart 2019 haar LLB-graad aan die Universiteit van Noordwes behaal. Haar gidshond, Ebba, was die afgelope vier jaar haar oë.

Sy gaan haar klerkskap doen by die prokureursfirma Du Toit, Smuts en Vennote in Mombela.

Artikel *Die Burger* (verkort)

Donasies kan gemaak word aan:
Transoranje Instituut
ABSA
Rekeningnr: 020 840 145
Takkode: 632 005

Onderwys van gehalte aan kinders met spesiale onderwysbehoeftes.